Vermy middels wat die aktiewe bestandeel dimethoate bevat byvoorbeeld Rogor en Prolekta-A. Die gifstof akkodeer nie met Wildevye nie.

Miere

Howel miere op sigself geen skade aan Wildevye berokken nie, tree hulle op as beskermer teenoor die luise op plante. Miere val die natuurlike vyande van luise aan. Die miere voed op die heuningdou wat deur die luise afgeskei word. Miere kan beheer word deur 'n bespuiting met middels soos Dyant en Lindasol. Die middels bevat die aktiewe bestanddeel Gamma BHC wat baie stabiel is en nie gou afbreek in die grond en sonlig nie.

Wanneer mierneste onder die potte voorkom sal die uitstrooi van droë Karbaspray poeier onder die pot ook miere verwilder.

Ander dopluise

Gepantserde tipe dopluise kan ook voorkom, maar dit is nie algemeen nie. 'n Bespuiting met Chloor perriphos (kontak- en maaggif) behoort 'n einde aan hulle te maak.

Larwes

Wanneer daar vreetmerke op die blare voorkom, moontlik as gevolg van larwes, sal 'n bespuiting met Karbaspray voldoende wees.

Stamboorders

In baie seldsame gevalle kan stamboorders in die stamme van sommige vyesoorte voorkom. Dit gebeur gewoonlik met bome wat swaarkry. Gereelde bespuiting met Karbaspray sal die larwes, wanneer hulle op die blare voed, beheer.

Slotopmerking :

ONTHOU GIF BLY GEVAARLIK !